HEELAL: 33989281

STERRESTELSEL: DIE MELKWEG

PLANEET: AARDE

PLEK: STELLENBOSCH

TYD: DIE HEDE





# SEAN

Ek het Mika ontmoet toe ek met my dooie hond gaan stap het. Oukei, hier is konteks nodig. Ek het nie my afgestorwe labrador oor die teer gesleep nie. Dit was net ek en Jessie se leiband. ’n Sagte rooi leerhalsband. Effens geknibbel. Sy het aan die begin die ding gehaat. Later het sy gek van opwinding geraak wanneer ek dit van die kapstok af haal om met haar te gaan stap. Maar ek dwaal af. Mika, die leiband en ons eerste ontmoeting:

Ek het alleen wakker geword in ons oninteressante middelklashuis in ons middelklaskompleks net buite Stellenbosch op die R44 op pad Paarl toe. Die yl winterson het in ’n streep oor my planeetbesaaide duvet[2] geval in my kamer wat ek in graad agt donkerblou geverf het. Dis toe wat die eensaamheid my verswelg het. Dis al die vyfde dag van die wintervakansie en ek het nog niemand anders gesien nie. LJ, my een vriend, is op pad Antarktika toe. Ja, die actual Antarktika, want sy ouers is avonturiers. Hulle sal vroegoggend ’n halfmarathon hardloop, die middag saam met vriende ’n berg uitklim en die aand grappies maak terwyl hulle ’n Thai green chicken curry aanmekaarslaan. Henco, my ander vriend, is in die Bahamas. Weereens, die actual Bahamas. Sy pa’s was nie lus vir ’n reënerige winter nie en het sommer op die ingewing van die oomblik vir hulle kaartjies gekoop.[3] Ek haat tans albei my

2 Jip. Dis korrek. Ek is agtien en dis my duvet.

3 Want dis wat ryk mense doen. Ek is glad nie bitter nie.

sogenaamde vriende en ignoreer hulle TikTok Challenges. So, dis net ek alleen by die huis. Die hele vakansie. Ek en my ma. En my pa.

Kom ons los dit vir eers daar.

Ek het my uit die bed gesleep, gestort en NIE geskeer nie, want toe my genepoel manlike goed soos liggaamshare uitgedeel het, was ek nie by die vergadering nie. Ten minste is ek lank. En het ek manjifieke hare. Altans, semi-oukei hare.

Terwyl ek Kellogg's Corn Flakes eet, het ek na die stilte van ons drieslaapkamerhuis geluister en weer aan Jessie gedink. Sy was die beste. Ons het haar gekry toe ek vyf was en sy het saam met my grootgeword. Sy was teen die tyd wat ek hoërskool toe is al oud en vet, maar sou in die middae, wanneer ek alleen by die huis gekom het, met haar logge lyf op die bank spring en bo-op my kom sit. Dan kon ek my verbeel ek is nie alleen nie.

My pa het geweet Jessie is al doof. Hy het geweet sy slaap gewoonlik onder sy ou Land Rover. Hy het geweet hy moet kyk, maar hy was laat vir 'n vergadering.

Die veearts kon haar nie red nie.

Met my papbak uitgespoel, het ek besluiteloos rondgestaan in die huis. Ek was nie lus vir Xbox speel of enige iets anders nie en het besluit om maar 'n entjie te gaan stap. By die voordeur het ek my verweerde rooi-en-blou windbreaker van die kapstok af gehaal en toe vang my oog Jessie se leiband wat steeds daar hang.

Om een of ander rede het ek dit saamgevat.

Met die rooi leerhalsband wat raak-raak aan die teer het ek deur ons kompleks gestap en gekyk na die ingedrukte huise en lae heinings wat ek al sestien jaar elke dag sien verbyflits op pad kleuter-, laer- en hoërskool toe. Hier is presies 953 huise en 'n baie aktiewe Facebook-groep met tannies wat tense raak. Ek het koers gekies deur die park om vir 'n ruk by die dam te gaan sit.

Terwyl ek luister na die ritmiese val van my voete op die steenpaadjie het my gedagtes – soos altyd – na die sterre gedwaal. Vandat ek sewe jaar oud was, het ek 'n obsessie met die ruimte. Hoe dit ontstaan het en wat dit alles bevat. Waar ons vandaan ...

Die baie kwaai by het uit die bloute gekom. Ek het nie eers deodorant aangehad nie, so, nugter weet wat haar probleem was. Skielik was sy om my kop, amper by my neus in. Ek klap. Swets. Die ding bly oor my swiep: 'n Klingon starship, Bird-of-Prey-klas.

Dis toe wat ek begin hardloop. Gillend, soos toe iemand eenkeer tydens LO vir my 'n rugbybal gegooi het. Dis op daardie punt wat Jessie se leiband aan my regtervoet gehaak en ek baie, BAIE, onelegant op die baksteenpaadjie neerge... (kom ons gebruik die woord val) het.

Toe-oë in die middel van die park kon ek voel my knie is stukkend en die bloed begin stadig deur my denim se broekspyp sypel. Ek het egter geen begeerte gehad om op te staan nie en wou net daar lê en doodgaan. 'n Offer vir die sterre, want dis waar ons vandaan kom. Die suurstof in ons longe, die yster in ons bloed, alles kom uit sterstof. 'n Ster het gesterf sodat ons kan leef. Daar is meer atome in ons lywe as sterre in die kosmos.

"Het jy 'n beroerte gehad, of is jy net stadig?"

Ek het my oë oopgemaak, my kop gelig en bewus geword van die figuur wat oor my uittroon.

Dis toe wat my hele lewe verander het.



# MIKA

Ek het Sean ontmoet terwyl ek oor die dood gepeins het. Nee, ek is nie suicidal nie. Ek wens partykeer ek was. Dan sou ek meer aandag gekry het … Ek is jammer. Dis donker. Ek weet geestesgesondheid is nie ’n grap nie. Buitendien, ek is net jou tipiese garden-variety-depressielyer. Ek gebruik nie medikasie of enige iets nie. Daar is niks wat ’n dubbele vodka nie kan regmaak nie. Maar ek dwaal af. Sean.

Ek het op die stoep van ons dubbelverdiepingmeenthuis gesit en was besig met my voorbereidingsoefeninge vir my finale Kuns-projek in matriek.[4] Dit was ’n skets van Hades se ontvoering van Persephone.[5] Demeter, Persephone se ma, was nie gelukkig met die insidentjie nie en het basies die wêreld uitmekaar geskeur op soek na haar dogter. Lang storie kort: Zeus moes Hades beveel om Persephone terug te gee. Hades het haar laat gaan, maar in die geheim vir Persephone granate uit die onderwêreld gevoer en sy kon nie vir altyd terugkeer aarde toe nie.[6] Sy sou uiteindelik ’n derde van die jaar in die onderwêreld saam met Hades

---

4 Om te verduidelik: Ja. Ek hou van kuns. Nee, ek is nie ’n “kunstenaar” nie. Ja, ek het Kuns as vak. Ja, ek sal graag eendag akademiese artikels wil sien met titels soos “Feminist iconography and the deconstruction of the male gaze in the early works of Mika Brink”. Maar vir nou is dit al wat my min of meer sane hou. Wat my ’n band gee met ons oermoeders en wegwysers.

5 Ek het ’n ding oor die Griekse mitologie. Goed. Ek is totaal obsessief.

6 Sien? Dis nie net vroue en vrugte wat die issue is nie.

moes bly.[7] Dis in die tyd wat sy weg is wat die bome en wêreld doodgaan en alles donker, vaal en grys word.

Met Persephone kan ek identifiseer. Ek haat wintervakansies en hierdie een is besonder erg. Santie is in die wildtuin. Sy is my beste vriendin. My enigste vriendin. Verder het ek net drinking buddies wat verskyn sodra ek 'n bottel vodka uit die kas gesteel het. Dis moeiliker noudat my pa nie meer hier bly nie. My ma drink net witwyn. Sy en my irriterende suster is die hoofoorsaak van my depressie. Nog 'n vakansie alleen. Alles is opge...

(Biiiieeeeeppppp.)

Jammer. Duidelik het ek anger issues. Maar aan die ander kant, die meeste van die goed wat in my kop aangaan, klink só: (Biiiieeeepppp. Biep. Biep. Bip. Biiiieeeeppppp.)

Dit sal makliker wees as ek net verdwyn. Ek sal nie omgee as Hades my ontvoer nie. Dan kan ek ...

Die gil was bloedstollend. Dit het van bo in die parkie voor ons huis gekom. Vir 'n oomblik het ek gedink dis 'n moord, wat opwindend sou wees vir die kompleks.[8] Toe kom daar 'n man, of 'n tienerseun, op die baksteenpaadjie verbygehardloop, trip oor sy eie voete (en 'n tou of iets?) en val uitermatig hard.

Die rooi-en-blou windbreaker bly lê. Ek wag. Niks gebeur nie.

Is hy regtig dood?

Vandag het ek nie krag vir 'n lykswa nie. Dan maar opstaan, oor die gras stap en deur die lae tuinhekkie, wat ons huis met die park verbind, tot waar hy lê.

Ten minste haal hy asem.

'n Baie random leiband is om sy voet verstrengel. Hy roer steeds nie en ek is onwillekeurig geïrriteerd.

---

7 Ten minste was sy dan koningin van die onderwêreld.

8 Moenie my oordeel nie. Jy bly nie hier nie. Ek haat die "estate", soos my ma dit noem. Ons het ses maande gelede hier ingetrek. Die mense is vervelig en kleinlik. As jy my nie glo nie, gaan kyk na die plek se Facebook-blad. Eers lag jy, en dan wil jy net jou oë uitsteek.

"Het jy 'n beroerte gehad, of is jy net stadig?" Ek kon vriendeliker gewees het, maar ek praat meestal sonder om te dink.

Dis toe wat hy sy oë oopmaak, sy kop lig en my lewe nooit weer dieselfde sou wees nie.